



# Die Rietfluit

JAARTEMA:

**Sáám gee ons om!**

**April 2017**

## Wees lief vir mekaar! Die liefde maak ons op twee maniere ryk

Liewe Lidmaat

**SAAM GEE ONS OM!** Daarom dat ons vanjaar bietjie stilstaan by die “mekaar”-tekste in die Bybel. Onder andere leer die Here vir ons in Sy Woord: “Julle moet mekaar liefhê” (soos die voorbladartikel van Februarie se Rietfluit ook uitgewys het).

*Hier volg ‘n stukkie hieroor soos geskryf vir e-Kerkbode deur dr Marius Nel (dosent in Nuwe Testament aan die Universiteit Stellenbosch).*

“Die Westerse self-onderhoudende individu, wat onafhanklik van ander kan leef en dink, is vreemd aan die wêreld van die Nuwe Testament.

In dié wêreld het mense sogenaamde “diadiese” persoonlikhede gehad. ‘n Diadiese persoonlikheid is een wat altyd iemand anders nodig het om te weet wie jy is. ‘n Diade - die verhouding met een ander persoon - is daarom die absolute minimum om te kan funksioneer.

In dié sin is die kulturele raamwerk van die Nuwe Testament nader aan Afrika se ubuntu-kultuur as die Westerse kultuur waar die klem op die selfstandige individue val.

Vir mense met ‘n diadiese, eerder as ‘n individualistiese persoonlikheid, **is die welstand van die groep waaraan hulle behoort belangriker as hul eie.**

In die lig van die kulturele konteks waarin die Nuwe Testament ontstaan het, is dit daarom nie ‘n verrassing dat die wesenskenmerk van die Christelike lewe is dat ons nie ter wille van onself leef nie. **Ons is**

**Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om**

veronderstel om in ‘n wederkerige liefdesverhouding met mekaar te leef. Wederkerig deurdat ons liefde kan gee en ontvang.

Dié wederkerigheid van ons geloofslewe word verwoord deur die talle **mekaar-opdragte** in die Nuwe Testament.

Sò skryf Paulus in Romeine 13:7-8 dat alle Christene diep in die skuld is. Trouens, ons het volgens hom ‘n **dubbele skuld**.

Daar is **eerstens materiële skuld** wat ons met geld kan vereffen. Dié tipe skuld beveel Paulus, soos enige goeie ekonoom, moet ons betaal (Rom 13:7).

Ons het egter **ook ‘n ander soort skuld** wat ons nie met geld kan af-betaal nie; **liefdeskuld aan mekaar**. In vers 8 skryf hy: ‘Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê’. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit”.

**Dié skuld kan ons net afbetaal deur dit af te werk deur dae van liefde aan mekaar te betoon. Die wonderlike daarvan om ons liefdeskuld af te werk is dat dit ons nie bankrot maak nie, maar skatryk.** Daarom is dit goed dat ons dié skuld nooit sal kan vereffen nie!

Ons word egter nie net verryk deur ons dae aan ander nie, maar ook deur ander se liefdesdiens aan ons. **Ons word dus in ‘n dubbele sin geestelik verryk deur mekaar in liefde te dien.”**

**Broer en Suster, gaan dien mekaar in liefde EN WORD RYK! GEESTELIK RYK!**

Groete!

Ds Leon TaiT

## ---- DATUMS VAN BELANG ----

- ♦ **14 April:** Goeie Vrydag: Nagmaal om 9:00
- ♦ **16 April:** Paasfees Diens om 9:00
- ♦ **17 April:** Gesinsdag
- ♦ **18 April:** Skole Open
- ♦ **23 April:** Youthbash om 17:00
- ♦ **27 April:** Vryheidsdag

*Sien jou daar!*

## 1. OMGEE-BEDIENING

Dit is die bediening wat die **omgeegroep** ondersteun en organiseer.

Omgeegroep is in hierdie gemeente die primêre “voertuig” van bediening en versorging!

☺ As jy oorweeg om by ‘n omgeegroep in te skakel kontak vir Tom Rademeyer by 0823729803.

☺ Indien jy kans sien om as ‘n omgeegroep-leier opgelei te word kontak ook asb vir Tom.



***Die Gemeente wat vir almal omgee!***


### TOERUSTING OM SIEKES TE BESOEK

Herinnering aan deel 2 van die toerusting sessies

***Dinsdag 19 April 11:30- 13:00 (deel 2)***

*Kontak of sms ds Leon van Heerden indien u opleidingsessies wil bywoon by 083 660 1803 voor Woensdag 15 Maart*

### **KITAAR, DWARSFLUIT EN SAKSEFOON KLASSE**

 KITAAR: leer speel en sing heerlijk saam, Kinders (vanaf ± 7jr, moet kan lees) en Volwassenes. Klasse in die Moot. BILLIKE tariewe. **Kom maak jou musiek-droom waar!** Bied ook Saksefoon en Dwarsfluit aan, 18jr in orkes gespeel.

**Kontak Kobus Nel 082 961 9425.**

## LIDMAAT-BEDIENING

**Februarie 2017**

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate



Alida du Plessis & Magda Jackson



Pierre Enslin-van Zyl



Johan & Linda Gaum



Elizabeth Goosen

5 Maart 2017

Baie geluk en welkom aan die nuwe belydende lidmate



Die jongmense het belydenis van geloof afgelê op  
5 Maart:

Denise Bester, Ryno de Blanché, Paul du Preez,  
Willie Kriel, Pierre Kruger, Maryke O'Reilly,  
Amonique Plaisier, Arné Plaisier, Corlius Potgieter,  
Marlene Pretorius, Carané Roos.



**Jy is 'n koningskind**

Deur die geloof in Christus Jesus is julle  
nou almal kinders van God.

Galasiërs 3:26



## Die Penniefluitjie

NG Kerk Rietfontein-Suid

April 2017

### WAT DOEN ONS BY DIE KINDERKERK

Ons is opgewonde om weer *Die Penniefluitjie* op die been te bring. Hier is ons eerste blaadjie vir 2017!

Elke Sondag kom 'n groepie toegewyde mense in die saal byeen om die jongspan van God te leer. Terwyl die grootmense langsaan in die kerk na die preek luister, sing die groepie kinders en maak toepastlike bewegings. Carel bring 'n kort boodskap en betrek die kinders om die boodskap beter toe te lig. Dan is dit tyd om na die klassies te gaan waar 'n kategeet 'n les aanbied en dan is dit tyd vir 'n pret aktiwiteit.

Ontmoet ons span en die kinders wat elke sondag in ons sorg gelaat word.



Heerlike lofprysing saam met Albert en Corlius.

Carel gesels oor vrede as deel van die Vrug van die Gees reeks.



*“Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie.” Spreuke 22:6*

# KATEGETE SPAN

Ontmoet die wonderlike kategete span en hulle klassies

Voorskool tot Graad R - Almaryn van Wyk Monja van Heerden



Die maatjies luister aandagtig na die Bybelstorie wat tannie Almaryn lees en mamas en pappas woon sommer saam by.

Graad 1 - Elsa van Eck

Hulle kuier heerlijk met 'n pret aktiwiteit na die les.



Graad 2 - Yvette Hayden



Die klas word onderbreek om gou vir die kamera te glimlag.

Graad 3 - Belinda Engelbrecht



Die maats luister aandagtig na tannie Belinda.

Graad 4 - Elma du Plessis

Klaar met die les en reg vir 'n aktiwiteit.



Graad 5 - Martjie du Plessis



Die graad vyfs werk in hul Odosboeke.

Volgende uitgawe meer oor Graad 6 en 7

# Pret aktiwiteit

Voltooi en bring saam Sondagskool toe.

Vind the vrugte van die Gees: Liefde, Vrede, Vreugde, Geduld, Selfbeheersing, Goedhartigheid, Getrouheid, Nederigheid, Vriendelikheid

B	E	E	G	E	H	E	I	G	E	D	U	L	D
V	E	V	R	G	E	T	R	O	U	H	E	I	D
G	L	E	I	G	H	G	E	E	I	G	H	E	R
I	E	E	D	D	V	A	E	D	R	L	T	F	E
U	N	E	D	E	R	I	G	H	E	I	D	D	D
E	U	E	G	O	D	H	F	A	L	G	E	E	G
N	D	E	E	E	D	L	H	R	I	G	D	E	T
L	H	R	V	L	I	E	I	T	E	R	I	D	V
E	E	E	T	I	E	G	D	I	D	E	D	E	R
S	U	E	R	I	V	V	R	G	D	R	O	I	E
E	E	H	L	D	R	F	U	H	S	E	G	I	U
S	E	L	F	B	E	H	E	E	R	S	I	N	G
V	R	I	E	N	D	E	L	I	K	H	E	I	D
I	E	E	G	E	E	H	D	D	E	R	E	O	E

Vir verdere inligting kontak Talita Fourie [talitafourie13@gmail.com](mailto:talitafourie13@gmail.com)



# FAMILIE-BEDIENING 2017

Op 4-5 Februarie het 200 gemeentelede bymekaar gekom en heerlik saam gespeel, gekuier en die Here geloof met die Gemeente se Geesbou geleentheid.



Familiediening is besig om elke kind in ons gemeente te help om hul ouers spesiaal lief te hê en te respekteer vir Moedersdag 14 Mei en Vadersdag 18 Junie.

As jy die kinders wil help om Moedersdag en Vadersdag vir hul ouers mooi te maak, kontak vir Christa by 082 332 9015

**BOOMSLOPINGS & SNOEI**  
**GRATIS KWOTASIE**  
**VERSEKERING**  
**KONTAK ERNST by 083 656 4992**  
[www.treecarepta.co.za](http://www.treecarepta.co.za)



**AKSIE PLUS**  
**WAAR ALMAL WELKOM IS!**  
**2017 AKSIE PLUS PROGRAM**

Datum	Aktiwiteit	Verantwoorde-lik	Kontaknommer
2017/04/22	Laventelplaas	Tertia	076 188 4054
2017/05/28	Argeologiese praatjie	Luuk	083 324 0613
2017/06/10	Krugersdorp Wiltuin	Sonja	082 213 3025
2017/08/25	Brood vir Nood – Jannie Moolman	Ds. Leon v H	083 660 1803
2017/10/29	Botaniese Tuin - Afsluiting	Chrissie & Sarie	082 897 0662 073 235 5200

**REFORMASIE 500 (Artikel 1):**

***TERUG NA DIE TOEKOMS!***

Op 31 Oktober 2017 vind die vyfhonderdjarige herdenking van die Reformasie plaas. Volgens oorlewering het Martin Luther op 31 Oktober 1517 sy 95 stelling teen die kerkdeur van Wittenberg vasgespyker.

Alhoewel dit n uitnodiging tot gesprek was, word dit allerweë beskou as die begin van ‘n reeks gebeure wat op ‘n breuk met die Katolieke Kerk uitgeloop het en wat bekend sou word as die *Reformasie*.

Die Woord alleen, genade alleen, geloof alleen en Christus alleen was die boustene van die Reformasie wat deur die eeue die pilare van die gereformeerde godsdiens sou word.

Dit is ook waar die teologiese wortels van die NG Kerk te vind is. Via Johannes Calvyn en later ons Neder-landse voorvaders het die gereformeerde godsdiens in 1652 saam met Jan van Riebeeck in die Kaap geland. Die koms van die Franse Hugenote in 1688 het die invloed van die Reformasie aan die suidpunt van Afrika verder versterk.

Wat maak hierdie gebeure *vandag* relevant en belangrik? Die slagspreuk “Terug na die toekoms!” help ons verstaan. Dit beteken dat ons verstaan van die hede en ons visie vir die toekoms bepaal word deur ons verlede. Wie nie rekening hou met die verlede nie sal moeilik sin vind in die hede en nog moeiliker koers hou in die toekoms.

Daarom nooi ek jou saam op ‘n reis, ‘n reis wat ons gaan terugneem in ons gereformeerde verlede. As reisgenote gaan ons belangrike rolspelers in die reformasie opsoek en met hulle in gesprek tree, gaan ons by belangrike plekke en vergaderings aandoen en gaan ons die ontstaan van belangrike leerstellings oordink.

In 2017 gaan ons saam voortreis deur die hede op pad na 31 Oktober en saam soek na die sin en betekenis van gereformeerd-wees in die 21ste eeu.

*Geskryf deur Prof Johan van der Merwe (Kerkgeskiedenis-professor aan die Universiteit van Pretoria vir e-Kerkbode).*

**RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE**

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus ‘n e-pos vir Ilze du Plessis by [ilzedples@gmail.com](mailto:ilzedples@gmail.com).  
 Kontak nommer is 0721113100